Die Wonder van die Betlehemster

Matteus 2:1-12

Wat het werklik gebeur, dat die wyse manne - waarskynlik sterrekykers uit Babilon - besef het dat hulle ‘n spesifieke ster moet volg om Jesus, die Messias te vind? Hoe het hulle geweet dat daardie ster (komeet) hulle na die Koning van alle Konings sou lei?

Baie sterrekundiges (en ander gelowiges) het al baie gewonder oor die wonderwerk van die ster van Betlehem. Nuwe navorsing het nou vorendag gekom met die wonderlikste ontdekkings wat die gedrag van die wyse manne uit die Ooste verklaar. Alles het begin in die jaar 8 v.C. toe Caesar Augustus ‘n sensus

uitroep om belasting invorderings te bereken. Hierdie sensus sou sowat twee jaar duur om te voltooi. Dit was gedurende hierdie tyd dat Josef en Maria na Betlehem reis sodat hulle getel kon word. In daardie tyd gebeur die eerste van ‘n reeks wonderwerke - wat eintlik normale natuurverskynsels was. Maar dit is die **tydsberekening** van hierdie natuurverskynsels wat alles so deur God bepaal is, wat dit so verstommend wonderlik maak.

Die eerste gebeurtenis was ‘n driedubbele oplyning van die planete, soortgelyk aan wat ons in 2003 gehad het, iets wat elke paar duisend jaar gebeur. By hierdie geleentheid het Jupiter, die Son, die Aarde en Saturnus in die jaar 7 v.C. drie keer in ‘n reguit lyn verskyn in die sterrebeeld Pisces. Volgens die mitologie sou Jupiter die koning van die gode wees, Saturnus sou staan vir geregtigheid en Palestina, en die sterrebeeld Pisces was met die Jode geassosieer. Die wyse manne (of sterrekykers) het hierdie eenmalige gebeurtenis van die belyning van planete dus geïnterpreteer as die geboorte van ‘n Messiaanse Koning in Juda. Soos reeds gesê, het hierdie belyning drie maal gebeur, in Mei, September en Desember in die jaar 7 v.C.

In Februarie die volgende jaar verskyn die planeet Mars in dieselfde lyn. Die betekenis wat hulle daaraan heg is dat daardie Koning baie magtig sou wees.

In April van dieselfde jaar gebeur nog ‘n wonderwerk. Oor Jerusalem word die planeet Jupiter verduister deur ‘n sekelmaan. ‘n Rukkie later verskyn die planeet weer aan die ander kant van die maan, wat die betekenis van ‘n koninklike geboorte dra.

Maar dit was nie al nie: In die jaar 5 v.C. verskyn daar ‘n komeet in die Ooste (volgens antieke Chinese rekords). Dit was die teken waarop die wyse manne gewag het, want dit het beteken dat daar binnekort iets **wonderlik** sou plaasvind. Dit sou omtrent 70 dae neem vir hierdie komeet om van Oos na Suid in die hemelruim te beweeg. As ons sou aanneem dat die wyse manne uit Babilon gekom het - hulle was immers die wêreldleiers op die gebied van sterrekunde - dan sou dit hulle ook omtrent 70 dae geneem het om tot in Jerusalem te reis. Die Babiloniërs was ook die voorste wiskundiges en astroloë, en hulle het geweet van die Joodse geloof, dat ‘n ster die koms van die Messias sou aankondig. Die baan wat die komeet gevolg het sou hierdie manne reguit na Betlehem gelei het waar die ster vroegoggend in die Suide sigbaar sou wees.

Is hierdie nie al klaar genoeg bewyse dat die verhaal van die geboorte van Jesus wel waar is? Nee, God het nie bewyse nodig nie. Hierdie ontdekkings plaas maar net ‘n stempel op die dinge wat ons glo, en vervul ons opnuut met verwondering.

Dink net: hoe opgewonde moes daardie manne gewees het toe hierdie dinge met hulle gebeur! Hulle bygeloof omtrent die beweging van planete en sterre het skielik in hulle binneste geruk, toe hulle iets bonatuurlik sien gebeur. Dalk het hulle nagte lank bespiegel en geredeneer oor wat aan die gebeure was. En die opgewondenheid toe daar uiteindelik twee jaar later ‘n komeet verskyn wat al hulle berekeninge bevestig het. Hoe teleurgesteld moes hulle nie gewees het toe hulle by Herodus kom en sy vyandiggesindheid sien nie. Hy het nou wel vir hulle gesê dat hy ook aan die nuwe Koningskind wou gaan hulde bring, maar hulle kon sommer dadelik sien dat hy glad nie bedoel wat hy sê nie. En dan daardie hart-bonsende opwinding toe die komeet hulle na Betlehem lei, en hulle die kindjie daar kry in die stal.

Maar wie was daardie (drie?) manne? By elke Kers-tablo is daar die drie wyse manne wat geskenke bring vir die Jesus-kind. Maar deur die eeue is daar al baie stertjies gelas aan hulle, soos byvoordbeeld dat daar drie van hulle was. Nêrens word dit gemeld hoeveel manne daar was nie, maar ons het maar aangeneem dat daar drie was omdat daar drie geskenke gemeld word. Hulle het selfs al name gekry: Kasper, Melgior en Belsasar. Hierdie is alles suiwer spekulasie. Al wat Matteus self sê, is dat hulle *sterrekykers uit die ooste* was. *Sterrekykers* is ’n

vertaling van die Grieks: “magiërs”. In die antieke tyd was dit die benaming vir geleerdes uit die omgewing van die destydse Persië (vandag Iran). Hulle het hulle met diepsinnige teorieë oor die mens en natuur besig gehou, wat soms met towery gepaardgegaan het. Daarom dat hulle in die Jodedom ’n slegte naam gehad het. In die nie-Joodse wêreld het hulle egter oor die algemeen hoë aansien geniet.

Matteus sien hierdie magiërs nie in ‘n negatiewe lig nie, maar hy probeer wys dat die elite van die destydse heidendom Jesus erken het as koning, en dit terwyl Herodus en die ganse Jerusalem hewig ontsteld is oor dieselfde gebeurtenis. G O D berei lof voor vir die Messias uit die optrede van eenvoudige skaapwagters en heidene, wat Sy ster oor lang afstande volg, en dit terwyl Sy eie volk geen begrip openbaar nie. Dertig jaar later sê Jesus vir die Joodse leiers: *Tollenaars en prostitute gaan eerder as julle die koninkryk van God in.*